STREET ADDRESS: *Insert street address of Commissioner of Oaths*

DATE: *Insert date*

PLACE: *Insert place*

DATE RECEIVED BY CHAIRPERSON OF THE BOARD: *Insert date*

SIGNATURE OF CHAIRPERSON OF THE BOARD: *Insert signature of Chairperson of the Board*

FORM 3:

**ANNUAL AND AD HOC DECLARATION OF DIRECT OR INDIRECT INTERESTS OF
STAFF MEMBERS
(Section 41(3)(c))**

**ANNUAL AND AD HOC DECLARATION OF DIRECT OR INDIRECT INTERESTS OF
STAFF MEMBERS**

in terms of section 41(3)(c) of the KwaZulu-Natal Economic Regulatory Authority Act, 2024

TYPE OF DECLARATION	
ANNUAL DECLARATION <i>Tick if appropriate</i>	AD HOC DECLARATION <i>Tick if appropriate</i>

DECLARATION PERTAINS TO FINANCIAL YEAR: *Insert financial year*

DATE OF DECLARATION: *Insert date of declaration*

I, the undersigned with the following particulars:

SURNAME: *Insert surname*

FULL NAMES: *Insert full names*

ID NUMBER: *Insert ID number*

RESIDENTIAL ADDRESS: *Insert residential address* **TELEPHONE NUMBER:** *Insert telephone number* **CELL NUMBER:** *Insert cell number*

EMAIL ADDRESS: *Insert email address*

DESIGNATION / POSITION: *Insert designation/position in Authority*

hereby declare and certify that the following information is, with regard to myself and to any relative, business partner, associate or employer, other than the State, complete and correct to the best of my knowledge:

(a) Ownership of shares in companies or entities:

NO	NAME OF HOLDER	RELATIONSHIP	NAME OF COMPANY OR ENTITY	COMPANY REGISTRATION NUMBER	NATURE	NUMBER OF SHARES	NOMINAL VALUE (ZAR)	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of shareholder</i>	<i>Insert relationship with holder, if not self</i>	<i>Insert name of company or entity in which shares are held</i>	<i>Insert company registration number (if private company)</i>	<i>Insert description of nature of business</i>	<i>Insert number of shares held</i>	<i>Insert total nominal value of shares</i>	<i>Insert detail of all remuneration, income, dividends payable</i>
2								

(b) Interests in close corporations:

NO	NAME OF HOLDER	RELATIONSHIP	NAME OF CLOSE CORPORATION	CC REGISTRATION NUMBER	NATURE	INTEREST	NOMINAL VALUE (ZAR)	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of interest holder</i>	<i>Insert relationship with holder, if not self</i>	<i>Insert name of company or entity in which shares are held</i>	<i>Insert close corporation registration number</i>	<i>Insert description of nature of business</i>	<i>Insert percentage interest held</i>	<i>Insert total nominal value of interest in South African Rand</i>	<i>Insert detail of all remuneration, income, dividends payable</i>
2								

(c) Interests in partnerships:

NO	NAME OF HOLDER	RELATIONSHIP	NAME OF PARTNERSHIP	INTEREST	NATURE	NOMINAL VALUE (ZAR)	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of interest holder</i>	<i>Insert relationship with holder, if not self</i>	<i>Insert name of partnership in which interest is held</i>	<i>Insert percentage interest held</i>	<i>Insert description of nature of business</i>	<i>Insert total nominal value of interest in South African Rand</i>	<i>Insert detail of all remuneration / income payable</i>
2							

(d) Real or personal rights in property used by any company, corporation, trust, business or other legal entity:

NO	NAME OF HOLDER	RELATIONSHIP	NAME OF ENTITY	REGISTRATION NUMBER	NATURE	NOMINAL VALUE (ZAR)	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of rights holder</i>	<i>Insert relationship with holder, if not self</i>	<i>Insert name of entity using property</i>	<i>Insert registration number of entity using property</i>	<i>Insert description of nature of right and property</i>	<i>Insert total nominal value of right in property used by entity</i>	<i>Insert detail of all remuneration, income, dividends payable</i>
2							

(e) Interests in trusts:

NO	NAME OF HOLDER	RELATIONSHIP	NAME OF TRUST	REGISTRATION NUMBER	NATURE	NOMINAL VALUE (ZAR)	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of interest holder</i>	<i>Insert relationship with holder, if not self</i>	<i>Insert name of trust</i>	<i>Insert registration number of trust</i>	<i>Insert description of nature of involvement in trust</i>	<i>Insert total nominal value of interest in trust</i>	<i>Insert detail of all remuneration / income / interest payable</i>
2							

(f) In respect of any business, undertaking or other entity, with or without legal personality, any interest which enables the holder thereof to share in the profits and revenue of such business, undertaking or other entity (if not already declared in (a), (b), (c), (d) and (e) above):

NO	NAME OF HOLDER	RELATIONSHIP	NAME OF ENTITY	INTEREST	NATURE	NOMINAL VALUE (ZAR)	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of interest holder</i>	<i>Insert relationship with holder, if not self</i>	<i>Insert name of entity in which interest is held</i>	<i>Insert percentage interest held</i>	<i>Insert description of nature of interest and business</i>	<i>Insert total nominal value of interest</i>	<i>Insert detail of all remuneration, income, dividends payable</i>
2							

(g) Remuneration, directorships, consultancies and retainerships:

NO	NAME OF PARTY	RELATIONSHIP	NAME OF ENTITY	NATURE	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of party to the contract or agreement</i>	<i>Insert relationship with party, if not self</i>	<i>Insert name of entity</i>	<i>Insert description of nature of work performed</i>	<i>Insert detail of all remuneration, income, dividend payable</i>
2					

(h) Loan accounts (excluding bond, vehicle finance and retail accounts):

NO	NAME OF PARTY	RELATIONSHIP	NAME OF LENDER	NATURE	ORIGINAL LOAN AMOUNT (ZAR)	OUTSTANDING BALANCE (ZAR)
1	<i>Insert name of party to the loan account</i>	<i>Insert relationship with party, if not self</i>	<i>Insert name of lender</i>	<i>Insert description of nature of loan</i>	<i>Insert original loan amount</i>	<i>Insert outstanding loan amount including outstanding interest</i>
2						

(i) Remuneration, income, revenue, entitlements to revenue, shares, interests, donations, gifts or any other benefits accruing prior to or pursuant to the granting of a licence for the establishment, licensing or operationalisation of a liquor, gaming, horse racing or betting establishment:

NO	NAME OF BENEFICIARY	RELATIONSHIP	NAME OF ENTITY	NATURE	NOMINAL VALUE (ZAR)	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of beneficiary</i>	<i>Insert relationship with beneficiary, if not self</i>	<i>Insert name of applicant, licensee or registrant</i>	<i>Insert description of nature of benefit and reasons therefor</i>	<i>Insert total nominal value of revenue, entitlements to revenue or any other benefits</i>	<i>Insert detail of all remuneration, income, revenue, entitlements to revenue, shares, interests, donations, gifts or any other benefits payable</i>
2						

(j) Conclusion or existence of any contracts or agreements with applicants for a licence, existing licence holders or registrants:

NO	NAME OF PARTY	RELATIONSHIP	NAME OF ENTITY	NATURE	NOMINAL VALUE (ZAR)	REMUNERATION / INCOME (ZAR)
1	<i>Insert name of party to the contract or agreement</i>	<i>Insert relationship with party, if not self</i>	<i>Insert name of applicant, licensee or registrant</i>	<i>Insert description of nature of contract or agreement</i>	<i>Insert total nominal value of contract or agreement</i>	<i>Insert detail of all remuneration, income, dividends payable</i>
2						

(k) Any personal interests:

NO	NAME OF HOLDER	RELATIONSHIP	NAME OF ENTITY	NATURE	VALUE
1	<i>Insert name of interest holder</i>	<i>Insert relationship with holder, if not self</i>	<i>Insert name of entity or person with whom the personal interest exists</i>	<i>Insert description of nature of personal interest</i>	<i>Insert description of value of personal interest, whether monetary or other</i>
2					

SIGNATURE OF DECLARANT: *Insert signature of declarant*

SIGNATURE OF COMMISSIONER OF OATHS: *Insert signature of Commissioner of Oaths* **FULL**

NAME AND SURNAME: *Insert full names and surname of Commissioner of Oaths* **DESIGNATION:**

Insert designation of Commissioner of Oaths

STREET ADDRESS: *Insert street address of Commissioner of Oaths*

DATE: *Insert date*

PLACE: *Insert place*

DATE RECEIVED BY CHIEF EXECUTIVE OFFICER: *Insert date*

SIGNATURE OF CHIEF EXECUTIVE OFFICER: *Insert signature of Chief Executive Officer*

FORM 4:

MEETING DECLARATION OF DIRECT AND INDIRECT INTERESTS

(Section 18(4)(a))

MEETING DECLARATION OF DIRECT AND INDIRECT INTERESTS

in terms of section 18(4)(a) of the KwaZulu-Natal Economic Regulatory Authority Act, 2024

MEETING DATE: *Insert date of meeting*

MEETING DETAILS: *Insert description of nature of meeting, e.g., board meeting, committee meeting*

I, the undersigned with the following particulars:

SURNAME: *Insert surname* **FULL NAMES:** *Insert full names* **ID NUMBER:** *Insert ID number*

DESIGNATION / POSITION: *Insert designation/position/capacity in meeting*

hereby declare and certify that the following declaration is, with regard to myself and to any relative, business partner, associate or employer, other than the State, complete and correct to the best of my knowledge:

NO	AGENDA ITEM	INTEREST TO DECLARE (Y/N)	NAME OF HOLDER	RELATIONSHIP	NAME OF COMPANY OR ENTITY	NATURE	VALUE
1	<i>Insert agenda item number and subject</i>	<i>Insert yes or no</i>	<i>Insert name of interest holder</i>	<i>Insert relationship with interest holder, if not self</i>	<i>Insert name of person, company or entity to which the interest pertains</i>	<i>Insert description of nature of interest in agenda item</i>	<i>Insert description of value or extent of interest, whether monetary, personal or other</i>
2							

SIGNATURE OF DECLARANT: *Insert signature of declarant*

DATE OF SIGNATURE: *Insert date*

SIGNATURE OF MEETING CHAIRPERSON: *Insert signature of meeting Chairperson*

DATE OF SIGNATURE: *Insert date*

FORM 5: REGISTER OF DELEGATIONS
(Section 43)

REGISTER OF DELEGATIONS

in terms of section 43 of the KwaZulu-Natal Economic Regulatory Authority Act, 2024

REGISTER VERSION: *Insert register version number*

REGISTER VERSION DATE: *Insert date of register*

APPROVED BY: *Insert designation/position in Authority and name of person authorised to approve this document*

SIGNATURE: *Insert signature of person authorised to approve this document*

NO	POWER, FUNCTION OR DUTY BEING DELEGATED	SECTION	PRINCIPAL FUNCTIONARY	DELEGATED TO	FROM DATE	TO DATE	DELEGATION CONDITIONS	PREVIOUS DELEGATION INFORMATION
1	<i>Insert function, power or duty being delegated</i>	<i>Insert section number in Act where power, function or duty is provided for</i>	<i>Insert both designation/position in Authority and name of the principal person or body responsible and accountable for exercising the power, performing the function or carrying out the duty</i>	<i>Insert both designation/position and name of the person or body to which the power, function or duty is delegated</i>	<i>Insert date on which delegation takes effect</i>	<i>Insert date on which delegation expires (if any)</i>	<i>Insert any conditions attached to the delegation</i>	<i>Insert particulars of any previous delegation of this function, power or duty (if any)</i>
2								

KENNISGEWING 16 VAN 2023

[Engelse teks deur die Premier geteken]

KWAZULU-NATAL
WET OP DIE EKONOMIESE
REGULERINGSOWERHEID, 2024
(Wet No. 01 van 2024)

Goedgekeur op 09 April 2024

WET

Om voorsiening te maak vir die instelling van die KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid ten einde die bestuur en regulering van die dobbel-, perdewedren-, weddery- en drankbedryf in die Provinsie onder die beskerming van die Owerheid te bewerkstellig; om voorsiening te maak vir die ontbinding van die KwaZulu-Natal Dobbelen Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid en die oordrag van die bevoegdhede, funksies en pligte van die voormalige Owerheid en Raad aan die KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid; om die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelay en Weddery, 2010, en die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring, 2010, te wysig om die bepalings met betrekking tot die voormalige Owerheid en Raad te herroep en om die verwysings na die voormalige Owerheid en Raad te vervang met die KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie KwaZulu-Natal, soos volg –

HOOFSTUK 1

UITLEG, OOGMERKE, TOEPASSING EN BEGINSELS

1. Woordomskrywings
2. Oogmerke van Wet
3. Toepassing van Wet
4. Beginsels

HOOFSTUK 2

ONTBINDING VAN KWAZULU-NATAL DOBBEL EN WEDDERYRAAD EN KWAZULU-NATAL DRANKOWERHEID

5. Ontbinding van KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad en KwaZulu-Natal Drankowerheid
6. Gevolge van ontbinding
7. Voortgesette toepassing van bestaande wette

HOOFSTUK 3

INSTELLING VAN KWAZULU-NATAL EKONOMIESE REGULERINGSOWERHEID

8. Instelling van KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid
9. Oogmerke van Owerheid
10. Bevoegdhe, funksies en pligte van Owerheid

HOOFSTUK 4

BESTUURSREËLINGS

11. Instelling van Raad
12. Rol van LUR
13. Rol van Departementshoof
14. Samestelling van Raad
15. Algemene vereistes vir lede
16. Aanstellingsprosedure
17. Voorsitter en Ondervoorsitter
18. Gedragstandaard en verklaring van belange
19. Ampstermyn
20. Beëindiging van lidmaatskap, skorsing uit en ontruiming van amp
21. Vul van vakatures
22. Aanstellingsvoorwaardes en vergoeding
23. Afwesigheid van funksionele Raad
24. Raadsvergaderings

25. Kworum en besluite
26. Komitees
27. Notules van vergaderings
28. Oorlegpleging en bystand aan Raad
29. Delegering deur Raad

HOOFSUK 5

BEFONDSING, FINANSIËLE BESTUUR EN VERSLAGDOENING

30. Fondse van Owerheid
31. Finansiële aanspreeklikheid en korporatiewe bestuur
32. Finansiële bestuur
33. Oudit, verslagdoening en jaarverslag
34. Finansiële jaar
35. Onroerende eiendom
36. Regsgedinge

HOOFSUK 6

HOOF UITVOERENDE BEAMPTE EN ANDER PERSONEEL

37. Aanstelling van Hoof Uitvoerende Beampte
38. Bedanking, diskwalifikasie en verwydering van Hoof Uitvoerende Beampte
39. Bevoegdheids, funksies en pligte van Hoof Uitvoerende Beampte
40. Oordrag van bestaande personeel na Owerheid
41. Aanstelling van personeel

HOOFSUK 7

ALGEMENE BEPALINGS

42. Delegasies
43. Register van delegasies
44. Deursigtigheid en toegang tot inligting
45. Regverdige administratiewe optrede
46. Monitering, evaluering, assessering en verslagdoening
47. Gebruik van naam van Owerheid
48. Misdrywe, strawwe en siviele aanspreeklikheid
49. Bylaes, regulasies en kennisgewings
50. Besparings
51. Oorgangsmaatreëls
52. Herroeping en wysiging van wette

53. Kort titel en inwerkingtreding

BYLAES

Bylae 1: Herroeping en wysiging van wette

Bylae 2: Vorms

HOOFSUK 1 UITLEG, DOELWITTE, TOEPASSING EN BEGINSELS

Woordomsrywings

1.(1) Woorde afgelei van die woord of terme wat omskryf is, het ooreenstemmende betekenis, tensy uit die samehang anders blyk.

(2) Enige uitdrukking of bepaling van hierdie Wet moet redelikerwys uitgelê word op 'n wyse wat in ooreenstemming is met die doel en oogmerke van hierdie Wet.

(3) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –
"beëdigde verklaring" sluit 'n bevestigde verklaring in wat voor 'n kommissaris van ede gemaak is;

"beleid" 'n beleid goedgekeur deur –

(a) nasionale Kabinet en gepubliseer in die *Staatskoerant*;

(b) die Uitvoerende Raad of 'n munisipale raad en gepubliseer in die *Koerant*; of

(c) die Raad,

na gelang van die geval;

"Departement" die departement of departemente verantwoordelik vir dobbelary, perdewedrenne en weddery, en drank in die Provinsie;

"Departementshoof" die departementshoof of departementshoofde verantwoordelik vir dobbelary, perdewedrenne en weddery, en drank in die Provinsie;

"direkte belang" –

(a) die eienaarskap van aandele in 'n maatskappy of entiteit;

(b) 'n belang in 'n beslote korporasie;

(c) 'n belang in 'n vennootskap;

(d) 'n saaklike of persoonlike reg in eiendom wat deur 'n maatskappy, korporasie, trust, besigheid of ander regsentiteit gebruik word;

(e) 'n belang in 'n trust;

(f) ten opsigte van 'n besigheid, onderneming of ander entiteit, met of sonder regs persoonlikheid, enige belang wat die houer daarvan in staat stel om in die wins en inkomste van sodanige besigheid, onderneming of ander entiteit te deel;

(g) vergoeding, direkteurskap, konsultante en retensieskap;

(h) 'n leningsrekening;

(i) 'n vergoeding, inkomste, opbrengs, geregtigheid op besoldiging, aandele, belang, skenking, geskenk of enige ander voordeel wat 'n persoon toeval voor of ingevolge die toekenning van 'n lisensie vir die instelling, lisensiëring of bedryf van 'n drank-, dobbel-, perdewedren- of weddery-instelling;

(j) die sluiting of bestaan van enige kontrak of ooreenkoms met 'n aansoeker vir 'n lisensie, 'n bestaande lisensiehouer of 'n geregistreerde ingevolge hierdie Wet; en

(k) 'n persoonlike belang,

en "**indirekte belang**", ten opsigte van 'n familielid, sakevennoot, medewerker of werkgewer, anders as die Staat, het 'n ooreenstemmende betekenis;

"familielid" 'n –

(a) persoon wat 'n party is tot 'n burgerlike verhouding, 'n huwelik, insluitend 'n gebruikelike huwelik, of 'n party in 'n permanente verhouding wat saamwoon en wedersydse finansiële en emosionele ondersteuning vereis; of

(b) persoon se kind, ouer, broer of suster, hetsy sodanige verhouding voortspruit uit geboorte, huwelik of aanneming;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"hierdie Wet" die KwaZulu-Natal Wet op die Ekonomiese Reguleringsowerheid, 2024, en sluit in enige regulasies, kennisgewings, praktyknotas of omsendbriewe ingevolge daarvan gemaak, uitgereik of gepubliseer;

"Hoof Uitvoerende Beampte" die Hoof Uitvoerende Beampte van die Owerheid wat ingevolge artikel 37 aangestel is;

"interne oudit" 'n stelsel van interne oudit soos beoog in artikels 51(1)(a)(ii) en 76(4)(e) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

"jaarlikse prestasieplan" het die betekenis wat deur die nasionale Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering daaraan toegeskryf word;

"Koerant" die amptelike *Provinsiale Koerant* van die Provinsie;

"komitee" 'n komitee van die Raad ingestel ingevolge artikel 26;

“KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery” die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery, 2010 (Wet No. 8 van 2010), en sluit in enige regulasies, kennisgewings, praktyknotas of omsendbriewe ingevolge daarvan gemaak, uitgereik of gepubliseer;

“KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring” die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring, 2010 (Wet No. 6 van 2010), en sluit in enige regulasies, kennisgewings, praktyknotas of omsendbriewe ingevolge daarvan gemaak, uitgereik of gepubliseer;

"lid" 'n lid van die Raad soos beoog in artikel 14;

"lid van 'n komitee" 'n lid van 'n komitee ingestel deur die Raad ingevolge artikel 26;

“LUR” die lid of lede van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir dobbelary, perdewedrenne en weddery, en drank in die Provinsie;

"maatskappy" 'n maatskappy soos omskryf in die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

“munisipaliteit” 'n munisipaliteit soos beoog in artikel 155 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en ingestel by en kragtens artikels 11 en 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), saamgelees met artikels 3, 4 en 5 van die KwaZulu-Natal Wet op die Bepaling van Soorte Munisipaliteite, 2000 (Wet No. 7 van 2000), en **"distriksmunisipaliteit"** en **"metropolitaanse munisipaliteit"** het 'n ooreenstemmende betekenis;

"munisipale staatsorgaan" 'n staatsorgaan in die plaaslike regeringsfeer;

"Nasionale Dobbelwet" die Nasionale Dobbelwet, 2004 (Wet No. 7 van 2004), en sluit in enige regulasies, kennisgewings, praktyknotas of omsendbriewe wat ingevolge daarvan , gemaak, uitgereik of gepubliseer is;

"ouditkomitee" 'n ouditkomitee soos beoog in artikel 77 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

“Owerheid” die KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid wat ingevolge artikel 8 ingestel is;

"persoon" sluit 'n natuurlike of 'n regspersoon, 'n groep van sodanige persone of 'n korporatiewe liggaam in;

"personeellid" 'n personeellid van die Owerheid wat oorgeplaas is na, of aangestel is deur, die Owerheid ingevolge artikel 40 of 41, na gelang van die geval;

"politieke ampsdraer" 'n –

(a) lid van die Nasionale Vergadering, die Nasionale Raad van Provinsies of die nasionale Kabinet;

(b) lid van 'n provinsiale wetgewer of 'n provinsiale Uitvoerende Raad;

(c) munisipale raadslid;

(d) diplomatieke verteenwoordiger van die Republiek wat nie 'n lid van die staatsdiens is nie;

(e) lid van 'n huis van tradisionele en Khoi-San-leiers;

(f) tradisionele leier of Khoi-San-leier wat erken word ingevolge die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap, 2019 (Wet No. 3 van 2019); of

(g) nasionale, provinsiale of plaaslike ampsdraer van 'n politieke party, organisasie, liggaam, alliansie of beweging wat ingevolge artikel 15 of 15A van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996) geregistreer is;

"Portefeuljekomitee" die Portefeuljekomitee of Portefeuljekomitees van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir dobbelary, perdewedrenne en weddery, en drank in die Provinsie;

"Provinsiale Tesourie" die Tesourie wat vir die Provinsie ingestel is ingevolge artikel 17 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

"Provinsiale Wetgewer" die Wetgewer van die Provinsie soos beoog in artikel 105 van die Grondwet, wat oor die wetgewende gesag in die Provinsie beskik soos beoog in artikel 104 van die Grondwet;

"Provinsie" die Provinsie KwaZulu-Natal beoog in artikel 103 van die Grondwet en **"provinsiaal"** het 'n ooreenstemmende betekenis;

"Raad" die Raad van die Owerheid wat ingevolge artikel 11 ingestel is;

"regulasies" 'n regulasie of regulasies gemaak ingevolge hierdie Wet;

"staatsorgaan" het die betekenis wat in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 daaraan toegeskryf is;

"tussentydse Hoof Uitvoerende Beampte" die tussentydse Hoof Uitvoerende Beampte soos beoog in artikel 51(1)(b);

"tussentydse Raad" die tussentydse Raad beoog in artikel 51(1)(a)(i);

"Uitvoerende Raad" die Uitvoerende Raad van die Provinsie beoog in artikel 132 van die Grondwet;

"Voorsitter" die Voorsitter van die Raad, en sluit 'n persoon in wat as Voorsitter waarneem;

"werksdag" enige dag anders as 'n Saterdag, Sondag of amptelike openbare vakansiedag in die Republiek van Suid-Afrika;

"Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting" die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013), en sluit in enige regulasies, kennisgewings, praktyknotas of omsendbriewe ingevolge daarvan gemaak, uitgereik of gepubliseer;

"Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting" die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), en sluit in enige regulasies, kennisgewings, praktyknotas of omsendbriewe ingevolge daarvan gemaak, uitgereik of gepubliseer; en

"Wet op Openbare Finansiële Bestuur" die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en sluit in enige regulasies, kennisgewings, praktyknotas of omsendbriewe ingevolge daarvan gemaak, uitgereik of gepubliseer.

Oogmerke van Wet

2. Die oogmerke van hierdie Wet is om die KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid as 'n provinsiale openbare entiteit in te stel in ooreenstemming met die bepalings van die Wet

op Openbare Finansiële Bestuur en om voorsiening te maak vir die bestuurstrukture, bestuur en administrasie van die Owerheid om die –

- (a) dobbel-, perdewedren- en wedderybedryf met verwysing na toepaslike nasionale wetgewing, die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery, en ander relevante provinsiale wetgewing; en
- (b) drankbedryf met verwysing na toepaslike nasionale wetgewing, die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiering, en ander relevante provinsiale wetgewing te bestuur.

Toepassing van Wet

3. Hierdie Wet –

- (a) is van toepassing op die provinsie as geheel; en
- (b) bind alle provinsiale en munisipale staatsorgane.

Beginsels

4.(1) By die toepassing van hierdie Wet moet die Owerheid –

(a) op 'n –

- (i) doeltreffende;
- (ii) doelmatige;
- (iii) deursigtige;
- (iv) wettige; en
- (v) geloofwaardige,

wyse optree;

(b) met integriteit optree;

(c) hoë etiese standaarde nakom;

(d) hom tot uitnemende diens verbind;

(e) hom daartoe verbind om sy mandaat na te kom;

(f) die volgende verseker –

- (i) regverdige administratiewe optrede, redelikheid, prosedurele en substantiewe billikheid en onpartydigheid met betrekking tot alle aangeleenthede binne sy funksionele domein; en
- (ii) doeltreffende, deursigtige, verantwoordbare en samehangende oorlegpleging en samewerking met alle provinsiale en munisipale staatsorgane en ander belanghebbendes; en

(g) voldoen aan die beginsels van gesonde korporatiewe bestuur.

(2) Die Owerheid moet sy bevoegdhede uitoefen, sy funksies verrig en sy pligte nakom ooreenkomstig –

- (a) toepaslike grondwetlike bepalings, insluitend die bepalings wat samewerkende regering beheer;
- (b) die bepalings van hierdie Wet en ander toepaslike wetgewende en beleidsbepalings; en
- (c) die beginsels uiteengesit in subartikel (1).

HOOFSTUK 2

ONTBINDING VAN KWAZULU-NATAL DOBBEL EN WEDDERYRAAD EN KWAZULU-NATAL DRANKOWERHEID

Ontbinding van KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad en KwaZulu-Natal Drankowerheid

5. Die KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad, ingestel ingevolge artikel 5(1) van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbely en Weddery, en die KwaZulu-Natal Drankowerheid, ingestel ingevolge artikel 5(1) van die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiering, word hiermee afgeskaf.

Gevolge van ontbinding

6.(1) Die Owerheid is die regsopvolger van die KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid.

(2) Die Owerheid is verantwoordelik vir –

- (a) die bestuur van bedrywighede en alle risiko's wat verband hou met die –
 - (i) ontbinding van die KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid; en
 - (ii) instelling van die Owerheid; en
- (b) enige bevoegdheid uitgeoefen, funksie verrig en plig uitgevoer deur die KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid voor hul ontbinding.

(3)(a) Alle bates, laste, regte en verpligtinge berus by, en alle administratiewe, finansiële en ander rekords gehou deur, die KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid, berus by die Owerheid.

(b) Die Registrateur van Aktes moet die nodige inskrywings of endossemente maak vir die oordrag van enige eiendom ingevolge paragraaf (a), en geen oordragfooi, kantoorfooi of ander heffing is betaalbaar ten opsigte van daardie inskrywing of endossement nie.

(4) Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet word –

(a) alle personeellede van die KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid geag personeellede van die Owerheid te wees soos beoog in artikel 40; en

(b) die lede van die Raad van die KwaZulu-Natal Dobbel en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid geag uit hul posisies as lede van die onderskeie rade te bedank het.

Voortgesette toepassing van bestaande wette

7. Behoudens die bepalings van Bylae 1, saamgelees met artikels 50 en 51, bly die –

(a) Kwazulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery; en

(b) KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring,

van krag tot tyd en wyl dit deur toepaslike wetgewing gewysig of vervang word.

HOOFSTUK 3

INSTELLING VAN KWAZULU-NATAL EKONOMIESE REGULERINGSOWERHEID

Instelling van Kwazulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid

8.(1) 'n Regspersoon wat as die KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid bekend sal staan, word hiermee ingestel as 'n provinsiale openbare entiteit in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

(2) Die Owerheid kan slegs ingevolge 'n Wet van die Provinsiale Wetgewer ontbind word.

Oogmerke van Owerheid

9. Die oogmerke van die Owerheid is om die –

(a) dobbel-, perdewedren- en wedderybedryf in ooreenstemming met toepaslike nasionale wetgewing, die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery, en ander relevante provinsiale wetgewing; en

(b) drankbedryf in ooreenstemming met toepaslike nasionale wetgewing, die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring, en ander relevante provinsiale wetgewing,

te reguleer.

Bevoegdhede, funksies en pligte van Owerheid

10. Die Owerheid –

(a) moet die bevoegdhede uitoefen, die funksies verrig en die pligte uitvoer soos uiteengesit in –

- (i) hierdie Wet;
 - (ii) artikel 7 van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery;
 - (iii) artikel 7 van die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring; en
 - (iv) enige ander wet; en
- (b) kan sodanige bevoegdhede uitoefen, sodanige funksies verrig en sodanige pligte uitvoer wat redelikerwys nodig of dienstig mag wees vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet, die Wette bedoel in paragrawe (a)(ii) en (a)(iii) of enige ander wet, in die mate waarin sodanige ander wet op die Owerheid van toepassing is.

HOOFSUK 4 BESTUURSREËLINGS

Instelling van Raad

11.(1) Die Owerheid word beheer deur 'n Raad wat –

- (a) verantwoordelik is vir bestuur, toesig en monitering; en
- (b) die Owerheid rig in die uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigting van sy funksies en die uitvoering van sy pligte in ooreenstemming met hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die beginsels van goeie bestuur.

(2) Die Raad –

- (a) moet 'n organisasiestruktuur instel om –
 - (i) die dobbel-, perdewedren- en wedderybedryf; en
 - (ii) die drankbedryf te bestuur; en
- (b) kan 'n transversale gedeelde dienste-komponent vir die Owerheid instel.

(3) Die Raad kan, in oorleg met die LUR en die Hoof Uitvoerende Beampste, die Owerheid herstruktureer indien dit na sy mening nodig is vir die doeltreffende uitoefening van bevoegdhede, verrigting van funksies en die uitvoering van pligte deur die Owerheid.

(4) Die Raad is die rekenpligtige gesag soos beoog in artikel 49(2)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

(5) Die Raad moet binne 'n tydperk van hoogstens drie maande na sy aanstelling 'n wedersyds bindende ooreenkoms met die LUR sluit om die verhouding tussen die LUR en die Raad te reguleer.

(6) Die Raad moet binne 'n tydperk van hoogstens drie maande na sy aanstelling 'n Raadshandves goedkeur om –

- (a) die verrigtinge van die Raad en enige komitee wat ooreenkomstig artikel 26 ingestel is, te reguleer;
- (b) die bevoegdhede, funksies en pligte van komitees wat ooreenkomstig artikel 26 ingestel is, te bepaal;
- (c) die verhouding tussen die Raad en –
 - (i) die Hoof Uitvoerende Beampte;
 - (ii) die Raadsekretaris; en
 - (iii) interne oudit te bepaal; en
- (d) voorsiening te maak vir enige ander aangeleentheid wat nodig mag wees vir die doeltreffende en optimale werking van die Raad:
Met dien verstande dat die Raad jaarliks, binne 'n tydperk van hoogstens drie maande na die begin van elke finansiële jaar, die Raadshandves moet hersien.

Rol van LUR

12.(1) Die LUR –

- (a) is die uitvoerende gesag soos beoog in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;
- (b) moet binne 'n tydperk van hoogstens drie maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet, die Raad aanstel soos in artikel 14 beoog; en
- (c) moet die Owerheid en die Raad monitor in die uitoefening van hul bevoegdhede, die verrigting van hul funksies en die uitvoering van hul pligte.

(2) Die lede bedoel in artikel 14(c) moet –

- (a) skakeling tussen die LUR en die Raad fasiliteer; en
- (b) van tyd tot tyd aan die LUR verslag doen oor aangeleenthede wat as relevant geag word.

(3) Die LUR kan –

- (a) deur kennisgewing in die *Koerant* –
 - (i) norme en standaarde vir die uitoefening van die Owerheid se bevoegdhede, die verrigting van sy funksies en die uitvoering van sy pligte; en
 - (ii) beperkings op gelde wat deur die Owerheid gehef word in die uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigting van sy funksies en die uitvoering van sy pligte bepaal; en
- (b) riglyne aan die Owerheid uitreik oor –

- (i) beleid, beplanning, strategie en prosedurele kwessies om die effektiewe en doeltreffende funksionering daarvan te verseker; en
- (ii) maatreëls om die norme en standarde beoog in paragraaf (a)(i) te bereik.

Rol van Departementshoof

13. Die Departementshoof is die aangewese rekenpligtige beamppte van die Departement soos beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

Samestelling van Raad

14. Die Raad bestaan uit –

- (a) minstens vyf en hoogstens sewe lede wat ingevolge artikel 16 deur die LUR aangestel is;
- (b) die Hoof Uitvoerende Beamppte as 'n *ex officio*-lid, wat nie die reg het om by vergaderings van die Raad of enige van sy komitees te stem nie; en
- (c) een of meer werknemers van die Departement, wat die LUR, na sy of haar goeddunke, as sy of haar verteenwoordigers op die Raad kan aanstel, welke verteenwoordigers vergaderings van die Raad en enige van sy komitees kan bywoon en aan besprekings kan deelneem, maar nie stemreg by sulke vergaderings het nie: Met dien verstande dat die LUR sodanige verteenwoordigers kan afwissel of verwyder soos wat hy of sy nodig ag.

Algemene vereistes vir Raadslede

15.(1) Lede moet –

- (a) geskikte en gepaste persone wees;
- (b) die amp beklee in die beste belang van die Owerheid en die Provinsie;
- (c) oor toepaslike kwalifikasies en ondervinding beskik; en
- (d) onafhanklik, onpartydig en regverdig wees.

(2) 'n Persoon is gediskwalifiseer om 'n lid te word of te bly indien daardie persoon –

- (a) nie 'n burger van die Republiek is of nie meer is nie;
- (b) 'n politieke ampsdraer is;
- (c) met die uitsondering van 'n lid beoog in artikel 14(b) en (c), in die voltydse diens van 'n staatsorgaan is;
- (d) 'n adviseur of 'n spesiale adviseur van 'n staatsorgaan of 'n politieke ampsdraer is;
- (e) 'n amptenaar of werknemer is van 'n munisipaliteit wat ingevolge artikel 155(1) van die Grondwet ingestel is;

- (f) 'n direkte of indirekte belang in enige drank-, dobbel-, perdewedren- en wedderyaktiwiteit het of verkry;
- (g) 'n direkte of indirekte belang in enige besigheid of onderneming het of verkry wat kan bots of inmeng met die behoorlike uitvoering van sy of haar funksies as 'n lid;
- (h) versuim om 'n direkte of indirekte belang in ooreenstemming met artikel 18(4) te openbaar of die verrigtinge van die Raad bygewoon of daaraan deelgeneem het terwyl hy of sy 'n belang het waarna in daardie artikel verwys word;
- (i) 'n direkte of indirekte belang in enige kontrak met die Owerheid het en versuim om sy of haar belang en die aard daarvan te verklaar op die wyse wat deur hierdie Wet vereis word;
- (j) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word;
- (k) deur 'n bevoegde hof as ontoerekeningsvatbaar verklaar is of word;
- (l) 'n persoon onder kuratorskap is of word;
- (m) ingevolge artikel 20(1) of (2) uit sy amp onthef is of word;
- (n) 'n misdadige direkteur is of as een verklaar word soos beoog in artikel 162 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);
- (o) te eniger tyd uit enige vertrouensamp verwyder is of word weens wangedrag of oneerlikheid; of
- (p) in die Republiek of elders skuldig bevind is of word aan 'n misdryf –
 - (i) wat oneerlikheid, diefstal, bedrog, vervalsing of die uitspreek van 'n vervalste dokument of meeneed behels;
 - (ii) kragtens die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite, 2004 (Wet No. 12 van 2004);
 - (iii) kragtens Hoofstuk 2 of 3 van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad, 1998 (Wet No. 121 van 1998);
 - (iv) kragtens die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001);
 - (v) kragtens die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);
 - (vi) kragtens hierdie Wet; of
 - (vii) kragtens enige ander soortgelyke wet:

Met dien verstande dat 'n diskwalifikasie ingevolge hierdie paragraaf eindig vyf jaar nadat die vonnis uitgedien is.

(3)(a) Indien enige lid gedurende sy of haar ampstermyn ingevolge subartikel (2) gediskwalifiseer word, of 'n belang verkry wat waarskynlik 'n direkte of indirekte belang sal wees, moet hy of sy binne 'n tydperk van hoogstens tien werksdae nadat hy of sy

gediskwalifiseer is of na die verkryging van sodanige belang, of nadat hy of sy van sodanige inligting bewus geword het, sodanige belang skriftelik verklaar aan die –

- (i) Voorsitter, of indien die verklaring die Voorsitter aangaan, die Ondervoorsitter; en
- (ii) LUR.

(b) By ontvangs van inligting van 'n lid soos beoog in paragraaf (a), moet die LUR, behoudens artikel 20(2), die ampstermyn van sodanige lid met onmiddellike effek beëindig.

Aanstellingsprosedure

16.(1) Wanneer dit ook al nodig is om 'n lid of lede aan te stel soos beoog in artikel 14(a), moet die LUR binne 20 werksdae –

(a) benoemings aanvra deur advertensies in die *Koerant* en ten minste twee provinsiale koerante, een in Engels en een in *isiZulu*, welke advertensies –

- (i) die benoemingsprosedure en die sluitingsdatum waarteen benoemings ontvang moet word; en
- (ii) die inligting, kwalifikasies en ondervinding wat vir benoeming vereis word, moet voorskryf; en

(b) 'n lys opstel van die name van persone wat benoem is, met die volledige besonderhede van elke individuele benoemde.

(2) Enige benoeming gemaak ingevolge 'n advertensie ingevolge subartikel (1)(a) moet ondersteun word deur –

- (a) die persoonlike en kontakbesonderhede van die benoemde;
- (b) besonderhede van die benoemde se kwalifikasies en ondervinding; en
- (c) enige ander inligting wat voorgeskryf mag word soos beoog in subartikel (1)(a).

(3) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (2) benoem is om op die Raad te dien, moet binne tien werksdae na benoeming, sy of haar –

- (a) ondertekende aanvaarding van die benoeming;
- (b) beëdigde verklaring wat verklaar dat hy of sy nie ingevolge artikel 15(1) en (2) vir aanstelling gediskwalifiseer is nie; en
- (c) beëdigde verklaring van al sy of haar direkte en indirekte belange, aan die LUR voorlê.

(4) Enige versuim deur die benoemde om enige diskwalifikasiekriterium of enige direkte of indirekte belang ingevolge subartikel (3)(b) en (c) te openbaar, diskwalifiseer die benoemde om vir die posisie van 'n lid oorweeg te word.

(5) Die LUR moet 'n paneel aanstel om al die benoemings te hersien en te evalueer en daarna te kortlys en aanbevelings aan hom of haar te maak rakende die benoemdes: Met dien verstande dat die kortlys en aanbevelings binne 20 werksdae na die aanstelling van die paneel by die LUR ingedien moet word.

(6) Die LUR moet binne tien werksdae na ontvangs van die kortlys en aanbevelings beoog in subartikel (5) –

(a) die aanbevelings oorweeg; en

(b) die vereiste aantal aanstellings maak uit die lys van benoemdes in subartikel (1)(b): Met dien verstande dat indien die gekortlyste benoemdes nie voldoen aan die vereistes vir kwalifikasie en die kriteria waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word nie, die LUR weer vir benoemings moet adverteer vir die uitstaande aantal aanstellings ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel.

(7) By die aanstelling van 'n lid of lede beoog in artikel 14(a), moet die LUR verseker dat die Raad breed verteenwoordigend is en gesamentlik saamgestel is uit persone met korporatiewe bestuurservaring en 'n wye reeks ander toepaslike vaardighede, kundigheid en ervaring, en wat verkieslik in KwaZulu-Natal woonagtig is, met spesifieke verteenwoordiging deur ten minste een persoon wat –

(a) bewese sakevernuf in, en kennis van, die drankbedryf het;

(b) bewese sakevernuf in, en kennis van, die dobbelbedryf het;

(c) bewese sakevernuf in, en kennis van, die perdewedren- en wedderybedryf het;

(d) gekwalifiseer is om toegelaat te word om as 'n regspraktisyn in die Republiek te praktiseer en vir 'n kumulatiewe tydperk van minstens tien jaar nadat hy aldus gekwalifiseer het, as 'n regspraktisyn gepraktiseer of dienste verrig het wat verband hou met die toepassing of administrasie van handelsreg;

(e) as 'n geoktrooieerde rekenmeester in die Republiek gekwalifiseer en geregistreer is en vir 'n kumulatiewe tydperk van minstens tien jaar nadat hy aldus gekwalifiseer het, as 'n geoktrooieerde rekenmeester gepraktiseer het;

(f) deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme en Dwelmafhanlikheid benoem word; en

(g) deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbelry benoem word.

(8) Die LUR moet die persone wat in die Raad aangestel is, skriftelik in kennis stel van hul aanstelling, en die datum waarop die aanstelling in die Raad in werking tree.

(9) Die LUR moet binne tien werksdae vanaf die maak van 'n aanstelling soos beoog in subartikel (6)(b) –

(a) die –

- (i) Uitvoerende Raad;
- (ii) Portefeuljekomitee;
- (iii) portefeuljekomitee verantwoordelik vir finansies in die Provinsie; en
- (iv) portefeuljekomitee verantwoordelik vir gemeenskapsveiligheid, sekuriteit en skakeling in die Provinsie,

in kennis stel van die name van alle persone wat in die Raad aangestel is; en

(b) die name deur kennisgewing in die *Koerant* en in minstens twee provinsiale koerante publiseer, een in Engels en een in *isiZulu*.

(10) Waar aangetoon word dat enige een of meer lede nie behoorlik aangestel is nie, maak sodanige omstandigheid nie enige resoluksie, besluit, magtiging of aksie wat deur die Raad geneem is ongeldig of daardeur beïnvloed nie, tensy 'n Hof wat die geldigheid van 'n bepaalde resoluksie, besluit, magtiging of aksie oorweeg, besluit dat sodanige resoluksie, besluit, magtiging of handeling ter syde gestel moet word.

Voorsitter en Ondervoorsitter

17.(1) Die LUR moet 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter uit die lede aanstel: Met dien verstande dat die Voorsitter en Ondervoorsitter 'n lid moet wees soos beoog in artikel 14(a).

(2) Die LUR kan met goeie rede sodanige aanstellings terugtrek of wysig.

(3) Die Voorsitter en Ondervoorsitter word aangestel vir sodanige tydperk as wat die LUR mag bepaal: Met dien verstande dat sodanige aanstellings nie hul ampstermyn as lede soos beoog in artikel 19 verleng nie.

(4) Die Ondervoorsitter moet die bevoegdhede uitoefen, die funksies verrig en die pligte van die Voorsitter uitvoer indien die Voorsitter afwesig, onbekwaam verklaar is, weier of versuim om as Voorsitter op te tree, of as die LUR die Voorsitter se aanstelling terugtrek.

(5) Indien beide die Voorsitter en Ondervoorsitter afwesig, onbekwaam verklaar is, weier of versuim om hul bevoegdhede uit te oefen, hul funksies te verrig of hul pligte uit te voer, of as die LUR hul aanstellings terugtrek, moet die LUR 'n ander lid as waarnemende Voorsitter aanstel.

Gedragstandaard en verklaring van belange

18.(1) In hierdie artikel sluit "lid" in enige –

- (a) lid beoog in artikel 14; en
- (b) lid van 'n komitee wat ooreenkomstig artikel 26 aangestel is.

(2) 'n Lid beoog in subartikel (1) –

- (a) moet die funksies van die amp te goeder trou en sonder guns of vooroordeel verrig;
- (b) mag nie die posisie, voorregte of kennis van 'n lid gebruik vir private gewin of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie;
- (c) mag nie direk of indirek enigiets van waarde van enige persoon of besigheid ontvang wat met die behoorlike verrigting van sy of haar funksies kan bots of inmeng of op enige wyse voordeel trek uit die amp wat hy of sy bekleë nie; en
- (d) mag nie op enige ander manier optree wat die geloofwaardigheid, onpartydigheid, onafhanklikheid of integriteit van die Owerheid onder verdenking bring nie.

(3)(a) 'n Lid beoog in artikel 14(a) en (c) moet 'n beëdigde verklaring by die LUR indien van sy of haar direkte of indirekte belange soos beoog in hierdie Wet by die aanvaarding van die amp en daarna aan die begin van elke finansiële jaar: Met dien verstande dat in die geval waar sodanige lid 'n direkte of indirekte belang te eniger tyd na die begin van 'n spesifieke finansiële jaar verkry, hy of sy sodanige belang skriftelik aan die LUR moet verklaar binne tien werksdae vanaf die datum van verkryging van sodanige belang.

(b) 'n Verklaring beoog in paragraaf (a) moet in die formaat wees wat in Bylae 2 voorsien word.

(4) 'n Lid beoog in subartikel (1) moet –

- (a) by die aanvang van enige vergadering 'n skriftelike verklaring van sy of haar direkte of indirekte belange in enige aangeleentheid voor die Raad of komitee aan die Voorsitter van die Raad of komitee voorlê, in die formaat waarvoor in Bylae 2 voorsiening gemaak word;
- (b) hom- of haarself onttrek van 'n aangeleentheid wat deur die Raad of komitee bespreek, oorweeg of daarvoor gestem word indien hy of sy 'n direkte of indirekte belang het, of indien daar 'n moontlikheid is dat 'n direkte of indirekte belang kan ontstaan, tensy die Raad of komitee bepaal en besluit dat die belang wat openbaar gemaak word, onbenullig of nie wesenslik is nie; en
- (c) indien dit in enige stadium tydens die verloop van enige verrigtinge voor die Raad of 'n komitee blyk dat hy of sy 'n direkte of indirekte belang het of kan hê, die aard van sodanige belang openbaar, hom- of haarself onttrek en die vergadering verlaat, tensy

die Raad of komitee bepaal en besluit het dat die belang wat geopenbaar is, onbenullig of nie wesenlik is nie.

(5) Enige openbaarmaking wat ingevolge subartikel (4) gemaak word, moet in die notule van die betrokke vergadering aangeteken word.

(6) Indien dit later vasgestel word dat die Raad of komitee 'n besluit geneem het oor 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan 'n lid versuim het om 'n direkte of indirekte belang soos bedoel in subartikels (3) of (4) bekend te maak, moet sodanige besluit deur die Raad of komitee heroorweeg word sonder die deelname van die betrokke lid so gou as wat redelikerwys moontlik is nadat die Raad of komitee bewus geword het van die nie-openbaarmaking: Met dien verstande dat indien sodanige besluit die regte van enige persoon nadelig raak en 'n direkte eksterne regsuitwerking het, moet die Raad by 'n bevoegde hof aansoek doen om sodanige besluit tersyde te stel.

(7) 'n Lid beoog in subartikel (1) wat subartikels (2), (3) en (4) oortree of versuim om daaraan te voldoen, na gelang van die geval, –

(a) is aan wangedrag skuldig; en

(b) kan, onderhewig aan nakoming van behoorlike prosedure, deur die LUR verwyder word, indien, na sy of haar mening, sodanige oortreding of versuim goeie rede vir verwydering uitmaak.

(8) Enige persoon kan 'n aansoek, mondeling of skriftelik, vir 'n lid doen om hom- of haarself te onttrek waar daardie persoon rede het om te glo dat 'n lid 'n direkte of indirekte belang het of redelikerwys verwag kan word om 'n direkte of indirekte belang by die uitslag van 'n besluit van die Raad of komitee te hê: Met dien verstande dat die persoon wat so aansoek doen duidelike redes vir sy of haar versoek moet verskaf.

(9) 'n Aansoek bedoel in subartikel (8) moet gerig word aan die –

(a) Voorsitter van die Raad of komitee, na gelang van die geval; of

(b) Ondervoorsitter van die Raad of komitee, na gelang van die geval, indien die aansoek die Voorsitter raak,

wat oor die aangeleentheid moet besluit en die besluit aan die Raad of komitee moet rapporteer, welke besluit in die notule van die betrokke vergadering aangeteken moet word.

(10) Die LUR moet 'n bygewerkte register hou van lede se belange wat ingevolge hierdie artikel bekend gemaak word, welke register 'n openbare dokument is waartoe lede van die publiek,

onderworpe aan die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, toegang kan versoek gedurende kantoorure.

Ampstermyn

19.(1) Lede beoog in artikel 14(a) –

(a) word aangestel vir 'n termyn van vyf jaar of sodanige korter termyn as wat die LUR kan bepaal, of, indien subartikel (2) van toepassing is, vir 'n termyn ingevolge daardie subartikel bepaal;

(b) kom in aanmerking vir heraanstelling vir een bykomende termyn van hoogstens vyf jaar na voltooiing van 'n termyn beoog in paragraaf (a), behoudens die bepalings van artikels 15 en 16; en

(c) kan na 'n onderbreking van minstens drie jaar nadat 'n bykomende termyn beoog in paragraaf (b) geëindig het, weer in aanmerking kom vir aanstelling ingevolge paragraaf (a), behoudens die bepalings van artikels 15 en 16, en indien aldus aangestel, weer in aanmerking kom vir heraanstelling ingevolge paragraaf (b).

(2) Enige aanstelling ingevolge subartikel (1) kan, met gegronde redes, deur die LUR verleng word vir 'n bepaalde tydperk van hoogstens een jaar.

Beëindiging van lidmaatskap, skorsing uit en ontruiming van amp

20.(1) Die aanstelling van 'n lid beoog in artikel 14(a) word beëindig wanneer hy of sy –

(a) nie meer verkiesbaar is om 'n lid te wees nie ingevolge artikel 15(2);

(b) die lid se ampstermyn oorskry waar sy of haar termyn nie deur die LUR verleng word soos in artikel 19(2) voorsiening gemaak word nie;

(c) bedank;

(d) weens dood of onbekwaamheid nie kan dien nie; of

(e) ingevolge subartikel (2) uit die amp onthef word.

(2) Die aanstelling van 'n lid beoog in artikel 14(a) kan deur die LUR beëindig word indien –

(a) hy of sy afwesig is van drie of meer opeenvolgende vergaderings van die Raad; of

(b) die LUR 'n bevinding gemaak het dat daar voldoende bewyse is van wangedrag, oneerlikheid, onbekwaamheid of onbevoegdheid ten opsigte van sodanige lid, onderworpe aan die nakoming van behoorlike proses: Met dien verstande dat die LUR 'n lid wat ondersoek word sonder vergoeding kan skors, onderworpe aan nakoming van behoorlike proses.

(3) 'n Lid beoog in artikel 14(a) kan bedank deur ten minste 20 werksdae skriftelike kennis aan die Voorsitter en die LUR te gee: Met dien verstande dat die LUR, na sy of haar goeë dunde, van die kennistydperk kan afsien.

(4) Wanneer 'n lid ophou om 'n lid te wees, mag hy of sy nie meer die Raad in enige komitee of enige ander liggaam van die Raad verteenwoordig nie.

Vul van vakatures

21. Wanneer 'n vakature in die Raad ontstaan, moet die LUR binne 'n tydperk van hoogstens ses maande 'n persoon aanstel om sodanige vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid in wie se plek so persoon aangestel is, in ooreenstemming met die bepalings van artikel 16.

Voorwaardes van aanstelling en vergoeding

22.(1) In hierdie artikel sluit "lid" enige -

(a) lid beoog in artikel 14; en

(b) lid van 'n komitee wat nie 'n lid van die Raad is nie, soos beoog in artikel 26, in.

(2) Die LUR moet die aanstellingsvoorwaardes van lede bepaal.

(3)(a) Behoudens subartikels (3)(b) en (4)(a), kan 'n lid uit die fondse van die Owerheid sodanige vergoeding en toelaes betaal word wat deur die LUR in oorleg met die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies in die Provinsie bepaal is.

(b) 'n Lid wat vergoeding, toelaes of ander voordele ontvang uit hoofde van sy of haar amp, posisie, pos of diens in –

(i) die Nasionale Regering;

(ii) 'n provinsiale regering;

(iii) 'n munisipaliteit;

(iv) 'n korporasie, liggaam of instelling waarin die nasionale of 'n provinsiale regering 'n beherende belang het; of

(v) 'n openbare entiteit, 'n nasionale regeringsonderneming of 'n provinsiale regeringsonderneming soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur,

en wat voortgaan om sodanige vergoeding, toelaes of ander voordele te ontvang terwyl hy as lid dien soos beoog in subartikel (1), mag slegs vergoeding en toelaes in paragraaf (a) bedoel ontvang in die mate wat nodig is om sodanige lid in die finansiële posisie te plaas waarin hy of

sy sou gewees het as dit nie vir sodanige amp, posisie, pos of diens was nie.

(c) Verskillende vergoeding en toelaes kan vir die volgende kategorieë lede bepaal word –

- (i) die Voorsitter;
- (ii) die Ondervoorsitter;
- (iii) ander lede van die Raad;
- (iv) die Voorsitter van 'n komitee;
- (v) lede van komitees; en
- (vi) lede van komitees wat nie lede van die Raad is nie:

Met dien verstande dat 'n lid beoog in artikel 14(c) slegs vergoed kan word vir uitgawes soos beoog in subartikel (4)(a).

(4)(a) 'n Lid kan, ten opsigte van sy of haar funksies as sodanige lid, vergoeding uit die fondse van die Owerheid ontvang vir redelike werklike verblyf- en reiskoste wat genoodsaak is deur die werklike bywoning van 'n vergadering van die Raad of 'n komitee of 'n amptelike funksie of geleentheid bygewoon in sy of haar hoedanigheid as lid: Met dien verstande dat 'n lid beoog in artikel 14(c) sodanige terugbetaling uit die fondse van die Departement moet ontvang.

(b) Die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies in die Provinsie moet prosedures, insluitend beheermaatreëls, vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir verblyf- en reiskoste in paragraaf (a) beoog, bepaal.

(5) Lede word deelyds en in 'n nie-uitvoerende hoedanigheid aangestel.

Afwesigheid van funksionele Raad

23.(1) Indien, na die mening van die LUR, die Raad nie sy bevoegdhede uitoefen, sy funksies verrig of sy pligte uitvoer soos uiteengesit in hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, enige ander relevante wet, of in ooreenstemming met die beginsels van goeie korporatiewe bestuur, kan die LUR, nadat die Raad die geleentheid gegee is om skriftelike versoë in te dien, die Raad deur kennisgewing in die *Koerant* as disfunksioneel verklaar.

(2) Indien die Raad ingevolge subartikel (1) as disfunksioneel verklaar is, of in die geval dat die Raad nie meer behoorlik saamgestel is ooreenkomstig die bepalings van artikel 14 nie –

- (a) berus die bevoegdhede, funksies en pligte van die rekenpligtige gesag tydelik by die Hoof Uitvoerende Beampte ooreenkomstig die bepalings van artikel 49(2)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur; en
- (b) moet die LUR so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 'n tydperk van hoogstens drie maande, alle nodige stappe doen om te verseker dat die Owerheid deur 'n funksionele Raad beheer word.

Raadsvergaderings

24.(1) Die Voorsitter besluit waar en wanneer die Raad vergader: Met dien verstande dat die

–

- (a) eerste vergadering van die Raad gehou moet word op 'n plek en datum deur die LUR bepaal;
- (b) Raad minstens kwartaalliks vergader;
- (c) LUR die Raad skriftelik opdrag kan gee om te vergader, en die plek en datum van die vergadering kan gelas; en
- (d) meerderheid van die lede beoog in artikel 14(a) die Voorsitter skriftelik kan versoek om 'n vergadering te belê op 'n plek en datum soos uiteengesit in die versoek, in welke geval die Voorsitter sodanige vergadering van die Raad moet belê.

(2) Die Voorsitter, of in sy of haar afwesigheid, die Ondervoorsitter, sit by vergaderings van die Raad voor: Met dien verstande dat indien beide die Voorsitter en Ondervoorsitter afwesig is van 'n deel van 'n vergadering, die teenwoordige lede 'n ander lid moet kies om by daardie deel van die vergadering voor te sit

(3) Die Raad kan enige personeellid of enige ander persoon nooi om enige van sy vergaderings by te woon waar dit nodig of toepaslik geag word: Met dien verstande dat enige sodanige personeellid of ander persoon –

- (a) aan artikel 18 moet voldoen; en
- (b) nie aan enige besluit mag deelneem of by so 'n vergadering mag stem nie.

(4)(a) Die Raad kan, na goeddunke, lede van die publiek toelaat om enige vergadering van die Raad by te woon.

(b) Enige vergadering van die Raad wat belê word met die doel om verhoër of besware met betrekking tot enige aansoek om 'n drank-, dobbel-, perdewedren- of wedderylisensie te oorweeg, moet vir die publiek toeganklik wees.

(c) Die Voorsitter kan, na sy of haar goeddunke, gelas dat enige persoon wie se teenwoordigheid nie wenslik is by 'n vergadering beoog in paragraaf (a) of (b) nie, nie die vergadering mag bywoon nie of die vergadering moet verlaat.

(d) Beraadslagings met die oog op die neem van besluite en om daarvoor te stem ten opsigte van enige aangeleentheid op 'n vergadering, moet agter geslote deure plaasvind.

(5) Die Raad kan sy eie prosedures bepaal onderworpe aan die ander bepalings van hierdie Wet.

Kworum en besluite

25.(1) 'n Meerderheid van die lede beoog in artikel 14(a) vorm 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad.

(2) 'n Saak voor die Raad word beslis deur die stemme van 'n meerderheid van die lede teenwoordig by die vergadering: Met dien verstande dat slegs 'n lid beoog in artikel 14(a) die reg het om by 'n vergadering te stem.

(3) Indien daar, oor enige aangeleentheid voor die Raad, 'n staking van stemme is, moet die lid wat by die vergadering voorsit, 'n beslissende stem uitoefen bo en behalwe sy of haar stem as 'n lid.

(4) Geen besluit van die Raad is ongeldig bloot weens 'n vakature in die Raad nie, behoudens die bepalings van subartikels (1) en (2).

Komitees

26.(1) Die Raad –

- (a) moet 'n ouditkomitee instel;
- (b) kan een of meer ander komitees instel om hom by te staan in die uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigting van sy funksies en die uitvoering van sy pligte;
- (c) moet vir elke komitee 'n Voorsitter en ander lede aanwys;
- (d) kan 'n lid van 'n komitee te eniger tyd uit sy amp onthef met gegronde redes; en
- (e) kan 'n komitee te eniger tyd ontbind.

(2) Wanneer lede op die ouditkomitee aangestel word, moet die Raad –

- (a) as Voorsitter van die ouditkomitee –
 - (i) 'n persoon wat 'n lid is soos beoog in artikel 14(a); of
 - (ii) 'n persoon wat nie 'n lid van die Raad is nie, aanstel;
- (b) persone insluit wat nie lede van die Raad is nie; en
- (c) voldoening aan artikels 51(1)(a)(ii) en 76(4)(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur verseker.

(3) Wanneer lede op 'n komitee beoog in subartikel (1)(b) aangestel word, kan die Raad lede insluit wat nie lede van die Raad is nie.

(4) 'n Lid van 'n komitee wat nie 'n lid van die Raad is nie –

- (a) moet aan artikel 18 voldoen; en
- (b) kan, behalwe in die geval van 'n lid van die ouditkomitee, nie deelneem aan enige besluit van, of stem by, sodanige komitee nie.

(5) 'n Komitee kan aanbevelings aan die Raad doen vir bespreking, wysiging, verwerping of aanneming deur die Raad.

(6) Die bepaling van artikel 22 is, met die nodige wysigings, van toepassing op die voorwaardes vir die aanstelling van lede van komitees.

(7) 'n Personeellid van die Owerheid wat in 'n komitee aangestel is, of deur 'n komitee genooi is om 'n vergadering by te woon –

- (a) moet aan artikel 18(2) en (4) voldoen: Met dien verstande dat, ten opsigte van 'n personeellid wat genooi is om 'n vergadering by te woon, artikel 18(7)(b) nie van toepassing is nie;
- (b) mag nie aan enige besluit van, of stem by, sodanige komitee nie; en
- (c) dien in die komitee, of woon 'n vergadering van die komitee by, onderworpe aan die bepalinge en voorwaardes van sy of haar diens.

Notules van vergaderings

27.(1) Die Raad moet verseker dat notules van elke vergadering van die Raad en sy komitees saamstel en aan alle lede van die Raad of sodanige komitee, na gelang van die geval, gesirkuleer word binne 'n tydperk van hoogstens tien werksdae na sodanige vergadering.

(2) Alle notules van vergaderings bedoel in subartikel (1) moet –

- (a) ter tafel gelê word by die daaropvolgende vergadering van die Raad of komitee, na gelang van die geval, vir aanneming en word, sodra dit aangeneem en onderteken is deur die Voorsitter van die Raad of 'n komitee, geag 'n korrekte rekord van die vergadering te wees en vorm *prima facie* bewys van die besluite wat deur die Raad of komitee by sodanige vergadering geneem is; en
- (b) in 'n register gelys en in hardekopie en elektroniese formaat gehou word sodra dit aangeneem en onderteken is.

(3) Die notules van alle vergaderings van die Raad en sy komitees is openbare dokumente waartoe lede van die publiek, behoudens die bepalinge van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, toegang kan versoek gedurende kantoorure.

Oorlegpleging en bystand aan Raad

28.(1) Die Raad kan, wanneer dit ook al nodig is, enige persoon, organisasie of instelling aanstel met die doel om die Raad by te staan of te adviseer oor enige aangeleentheid wat verband hou met die uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigting van sy funksies en die uitvoering van sy pligte ingevolge artikel 11 van hierdie Wet.

(2) Die Raad moet, by die aanstelling van 'n persoon of entiteit soos beoog in subartikel (1) –

- (a) voldoen aan die voorsieningskettingsbestuurstelsel soos beoog in artikels 51(1)(a)(iii) en 76 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur; en
- (b) 'n skriftelike ooreenkoms met die betrokke persoon of entiteit sluit, wat 'n beskrywing moet insluit van die diens wat deur die persoon of entiteit gelewer moet word en die datum waarop hy of sy die Raad van 'n verslag en aanbevelings ten opsigte daarvan moet voorsien.

(3) Die bepalings, voorwaardes, vergoeding en toelaes met betrekking tot die aanstelling van 'n persoon of entiteit ingevolge hierdie artikel moet uit fondse van die Owerheid betaal word soos deur die Owerheid bepaal en moet ingesluit word in die skriftelike ooreenkoms beoog in subartikel (2).

(4) 'n Persoon of entiteit wat aldus aangestel of op wie 'n beroep gedoen is, mag nie deelneem aan enige besluit van, of stem by, 'n vergadering van die Raad of 'n komitee nie.

Delegering deur Raad

29.(1) Wanneer dit nodig is vir die behoorlike verrigting van sy funksies, kan die Raad enige van sy bevoegdhede, funksies of pligte, uitgesonderd dié in subartikel (2) genoem, delegeer aan –

- (a) 'n lid beoog in artikel 14(a);
- (b) 'n komitee ingestel ingevolge artikel 26; of
- (c) die Hoof Uitvoerende Beampte:

Met dien verstande dat elke delegasie aan die bepalings van artikel 42(2) en (3) moet voldoen.

(2) Die Raad mag nie die volgende bevoegdhede, funksies en pligte delegeer nie:

- (a) die aanstelling of heraanstelling van die Hoof Uitvoerende Beampte en enige bepaling van Hoof Uitvoerende Beampte se diensbepalings en -voorwaardes soos beoog in artikel 37;

- (b) die bepaling van die indiensnemingsbeleid, finansiële perke en algemene diensvoorwaardes vir personeellede soos beoog in artikel 41(1) en (3)(a);
- (c) die finansiële bestuursverantwoordelikhede wat ingevolge artikels 30, 31, 32, 33 en 35 aan die Raad opgedra is; en
- (d) die goedkeuring van die begroting soos beoog in artikel 32(1)(b)(ii).

HOOFSUK 5

BEFONDSING, FINANSIËLE BESTUUR EN VERSLAGDOENING

Fondse van Owerheid

30.(1) Die fondse van die Owerheid bestaan uit –

- (a) geld wat deur die Provinsiale Wetgewer aan hom bewillig is;
- (b) enige bedrae betaalbaar aan die Owerheid ingevolge die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelaar en Weddery en die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring; en
- (c) geld wat wettiglik uit enige ander bron verkry is.

(2) Die Owerheid moet sy fondse aanwend –

- (a) vir die betaling van vergoeding, toelaes en verblyf- en reiskoste van –
 - (i) lede;
 - (ii) lede van komitees;
 - (iii) die Hoof Uitvoerende Beampte;
 - (iv) personeellede; en
 - (v) persone en entiteite soos beoog in artikel 28; en

(b) om die koste van –

- (i) die daaglikse bedryf en administrasie van die Owerheid, die Raad en komitees;
- (ii) die bestuur van die Owerheid; en
- (iii) die uitoefening van die bevoegdhede, verrigting van die funksies en die uitvoering van die pligte van die Owerheid ingevolge hierdie Wet, die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelaar en Weddery, en die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring, te dek.

(3) Die Hoof Uitvoerende Beampte moet, behoudens die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en met die instemming van die Raad –

- (a) 'n rekening in die naam van die Owerheid open by 'n instelling wat ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990) as 'n bank geregistreer is; en

(b) alle fondse wat ingevolge subartikel (1) ontvang is, daarin deponeer.

(4) Met ingang van die datum wanneer hierdie Wet in werking tree, word enige bankrekeninge of fondse wat bedryf word, of beleggings gehou, deur die voorgangers-in-titel van die Owerheid bedoel in artikel 5 geag die bankrekeninge, fondse of beleggings van die Owerheid te wees.

(5) Die Owerheid kan, behoudens die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en enige beleggings- of ander beleid wat ingevolge daarvan voorgeskryf word, gelde wat in sy rekening gedeponeer word, belê wat nie vir onmiddellike gebruik benodig word nie: Met dien verstande dat die Raad redelike stappe moet neem om te verseker dat die belegging nie van 'n spekulatiewe aard is nie.

Finansiële aanspreeklikheid en korporatiewe bestuur

31. Die Raad moet verseker dat die Owerheid, as 'n provinsiale openbare entiteit, voldoen aan die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en gesonde korporatiewe bestuursbeginsels en -praktyke.

Finansiële bestuur

32.(1) Die Raad moet verseker dat die Owerheid –

(a) volledige, behoorlike en bygewerkte rekeningboeke en al die nodige rekords in verband daarmee hou; en

(b) die volgende voorberei en aan die Raad voorlê vir sy goedkeuring en daaropvolgende voorlegging aan die betrokke owerhede soos beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander wetgewende en beleidsvoorskrifte:

- (i) strategiese planne;
- (ii) jaarlikse begrotings;
- (iii) geouditeerde finansiële state;
- (iv) jaarlikse prestasieplanne;
- (v) korporatiewe planne;
- (vi) jaar- en ander verslae;
- (vii) opbrengste;
- (viii) kennisgewings; en
- (ix) enige ander dokumentasie of inligting wat vereis mag word.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beamppte moet aan die Raad –

- (a) 'n jaarlikse prestasieplan vir die Owerheid vir die volgende finansiële jaar, wat meetbare doelwitte en ander inligting bevat wat redelikerwys deur die Raad vereis word; en
- (b) 'n staat van die beraamde inkomste en uitgawes van die Owerheid ten opsigte van die volgende drie finansiële jare, vir goedkeuring voorlê ten minste ses maande voor die begin van elke finansiële jaar.

(3) Die Hoof Uitvoerende Beamppte moet op 'n kwartaallikse basis by die Raad bygewerkte inkomste- en uitgawestate met geprojekteerde uitgawes per program vir daardie finansiële jaar voorlê.

(4) In enige finansiële jaar moet die Hoof Uitvoerende Beamppte elke aangepaste of aanvullende staat van die geskatte inkomste en uitgawes van die Owerheid vir daardie finansiële jaar aan die Raad voorlê vir goedkeuring.

(5) Die Owerheid mag geen finansiële verpligting buite sy goedgekeurde begroting en sy opgehoopte reserwes aangaan nie.

(6) Die Hoof Uitvoerende Beamppte kan, met die goedkeuring van die Raad, reserwefondse instel en die bedrae daarin deponeer as wat die Raad goedkeur: Met dien verstande dat sodanige deposito's aan die Provinsiale Tesourie en die Ouditeur-generaal bekend gemaak word binne een maand na die datum waarop 'n deposito gemaak word.

Oudit, verslagdoening en jaarverslag

33.(1) Die Ouditeur-generaal moet die finansiële state van die Owerheid oudit.

(2)(a) Die Raad moet binne 'n tydperk van vyf maande na die einde van die finansiële jaar 'n jaarverslag oor die werksaamhede van die Owerheid indien by –

- (i) Provinsiale Tesourie; en
- (ii) deur die Departementshoof, aan die LUR.

(b) Die LUR moet binne een maand na ontvangs van die jaarverslag van die Departementshoof soos beoog in subartikel 2(a)(ii), die jaarverslag in die Provinsiale Wetgewer ter tafel lê.

(3) Die jaarverslag moet –

- (a) finansiële state insluit soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

(b) vermeld in watter mate die Owerheid sy doelwitte waarna in artikel 9 verwys word, bereik of bevorder het en die meetbare doelwitte soos uiteengesit in sy jaarlikse prestasieplan gedurende die betrokke finansiële jaar; en

(c) relevante inligting bevat oor –

(i) die doeltreffende, effektiewe en ekonomiese toepassing en gebruik van die Owerheid se fondse en hulpbronne; en

(ii) beplande aanwysers en werklike prestasie-aanwysers soos uiteengesit in sy jaarlikse prestasieplan.

(4) Binne vyf maande nadat die jaarverslag ter tafel gelê is, moet 'n afvaardiging bestaande uit die Voorsitter, die Hoof Uitvoerende Beamppte en ten minste twee ander lede die Portefeuljekomitee oor die jaarverslag inlig.

Finansiële jaar

34. Die finansiële jaar van die Owerheid begin op 1 April van 'n bepaalde jaar en eindig op 31 Maart van die volgende jaar.

Onroerende eiendom

35. Die Owerheid kan, ingevolge 'n beleid en prosedure bepaal deur die Raad en met die skriftelike goedkeuring van die LUR, enige onroerende eiendom in die verloop van sy sake verkry, hou of vervreem.

Regsgedinge

36. Die Owerheid is 'n staatsorgaan soos beoog in paragraaf (c) van die omskrywing daarvan in artikel 1 van die Wet op die Instel van Regsgedinge teen Sekere Staatsorgane, 2002 (Wet No. 40 van 2002), en enige regsgedinge teen die Owerheid moet ooreenkomstig daardie Wet ingestel word.

HOOFSUK 6

HOOF UITVOERENDE BEAMPTE EN ANDER PERSONEEL

Aanstelling van Hoof Uitvoerende Beamppte

37.(1) Die Raad, in oorleg met die LUR, moet 'n geskikte en gepaste, toepaslik gekwalifiseerde, vaardige en ervare persoon as die Hoof Uitvoerende Beamppte van die Owerheid aanstel.

(2) 'n Persoon beoog in subartikel (1) moet, voor sy of haar aanstelling, 'n beëdigde verklaring by die Raad indien wat alle dissiplinêre ondersoeke en verrigtinge spesifiseer wat teen hom of haar ingestel is, hetsy voltooi of nie, tydens alle vorige diens.

(3) Die Hoof Uitvoerende Beampte –

(a) word vir 'n termyn van hoogstens sewe jaar aangestel; en

(b) kan deur die Raad in oorleg met die LUR heraan gestel word vir sodanige verdere tydperke, wat elk nie vyf jaar mag oorskry nie, as wat toepaslik geag mag word.

(4) Die Hoof Uitvoerende Beampte is in diens op sodanige diensvoorwaardes as wat die Raad in oorleg met die LUR kan bepaal, nadat hy of sy die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies in die Provinsie geraadpleeg het.

(5)(a) Die aanstelling van die Hoof Uitvoerende Beampte is onderhewig aan die sluiting van 'n skriftelike jaarlikse prestasie-ooreenkoms wat tussen die Raad en die Hoof Uitvoerende Beampte aangegaan is.

(b) Die Raad en die Hoof Uitvoerende Beampte kan, skriftelik en deur ooreenkoms, die prestasie-ooreenkoms wysig.

(6) Vir doeleindes van die indiening van 'n beëdigde verklaring van direkte en indirekte belange, is die bepaling van artikel 41(3)(c) van toepassing, met die nodige veranderinge, op die Hoof Uitvoerende Beampte: Met dien verstande dat die Hoof Uitvoerende Beampte sy of haar belange aan die Raad moet verklaar.

(7) Die Voorsitter van die Raad moet –

(a) indien die Hoof Uitvoerende Beampte afwesig is of om enige rede nie in staat is om sy of haar funksies te verrig nie, 'n ander geskikte personeellid as waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte aanstel: Met dien verstande dat enige sodanige aanstelling nie 'n tydperk van drie maande mag oorskry nie; en

(b) indien die pos van Hoof Uitvoerende Beampte vakant is, 'n ander personeellid as waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte aanstel in oorleg met die Raad en die LUR: Met dien verstande dat enige sodanige waarnemende aanstelling nie 'n tydperk van ses maande mag oorskry nie.

(8) 'n Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte -

(a) het al die bevoegdhede, funksies en pligte van die Hoof Uitvoerende Beampte; en

(b) word in diens geneem onderworpe aan sodanige diensbepalings en -voorwaardes soos bepaal ooreenkomstig subartikel (4).

Bedanking, diskwalifikasie en verwydering van Hoof Uitvoerende Beampte

38.(1) Die Hoof Uitvoerende Beampte ontruim sy of haar pos –

- (a) in die geval van bedanking, wanneer die bedanking in werking tree;
- (b) wanneer hy of sy gediskwalifiseer word om direkteur van 'n maatskappy te wees ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008); of
- (c) nadat hy of sy uit sy of haar pos onthef is ingevolge subartikel (2).

(2) Die Raad kan, in oorleg met die LUR, die diens van die Hoof Uitvoerende Beampte beëindig onderhewig aan toepaslike wetgewing en behoorlike proses.

Bevoegdhe, funksies en pligte van Hoof Uitvoerende Beampte

39.(1) Die Hoof Uitvoerende Beampte –

- (a) is teenoor die Raad aanspreeklik vir die uitoefening van sy of haar bevoegdhe, die verrigting van sy of haar funksies en die uitoefening van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet, en moet aan die Raad verslag doen oor die bestuur en werksaamhede van die Owerheid teen sodanige frekwensie en op sodanige wyse as wat die Raad mag bepaal; en
- (b) moet die bevoegdhe uitoefen, die funksies verrig en die pligte uitvoer wat die Raad aan hom of haar mag delegeer.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte is verantwoordelik vir –

- (a) die algehele bestuur van die Owerheid ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik;
- (b) die aanstelling van personeel ooreenkomstig die bepalinge van artikel 41;
- (c) die bestuur van personeel, insluitend die handhawing van dissipline oor personeel;
- (d) die vasstelling, in oorleg met die Raad, van 'n gedragskode, van toepassing op die Hoof Uitvoerende Beampte en alle ander personeel, wat beregbaar is vir doeleindes van dissiplinêre verrigtinge, om die volgende te verseker -
 - (i) voldoening aan hierdie Wet en enige ander toepaslike wetgewing;
 - (ii) die doeltreffende, effektiewe en ekonomiese toepassing en gebruik van die Owerheid se fondse en hulpbronne;
 - (iii) die bevordering en handhawing van 'n hoë standaard van professionele etiek;
 - (iv) die voorkoming van botsing van belange;

- (v) die beskerming van vertroulike inligting wat deur die Raad en die Owerheid gehou word; en
 - (vi) deursigtige, professionele, eerlike, onpartydige, regverdige, etiese en billike dienslewering;
- (e) die byhou en instandhouding van die register van belange wat deur personeellede verklaar is soos beoog in artikel 41(3)(c);
- (f) die versekering dat die Owerheid voldoen aan die bepalings van hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, en enige ander toepaslike wetgewende en beleidsvoorskrifte;
- (g) die verrigting van die dobbel-, perdewedren- en wedderyverwante funksies soos beoog in die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelay en Weddery;
- (h) die uitvoering van die drankverwante funksies soos beoog in die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring; en
- (i) die uitoefening van ander bevoegdhede, die verrigting van ander funksies en die uitvoering van ander pligte soos beoog in hierdie Wet.

(3) Wanneer dit nodig is vir die behoorlike verrigting van sy of haar funksies, kan die Hoof Uitvoerende Beampte enige van sy of haar bevoegdhede, funksies of pligte aan 'n personeellid delegeer: Met dien verstande dat –

- (a) die Raad kan bepaal dat 'n spesifieke bevoegdheid, funksie of plig nie deur die Hoof Uitvoerende Beampte gedelegeer mag word nie; en
- (b) elke delegasie aan die bepalings van artikel 42(2) en (3) moet voldoen.

Oordrag van bestaande personeel na Owerheid

40.(1) Alle persone in diens van die KwaZulu-Natal Dobbelay en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid is vanaf die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet en met behoorlike inagneming van artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995) geag in diens van die Owerheid te wees –

- (a) teen dieselfde vergoeding- en salarisskaal;
- (b) met dieselfde voordele en voorregte; en
- (c) op dieselfde diensvoorwaardes,

as diegene wat sodanige persoon se vorige diens by óf die KwaZulu-Natal Dobbelay en Wedderyraad óf die KwaZulu-Natal Drankowerheid, na gelang van die geval, beheer het: Met dien verstande dat –

- (i) geen persoon beoog in hierdie subartikel ontslaan mag word op grond van bedryfsvereistes wat voortspruit uit die ontbinding van die KwaZulu-Natal Dobbelay en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid nie; en

(ii) die Raad redelike veranderinge aan werkpraktyke kan aanbring vir die doel van operasionele en administratiewe doeltreffendheid en eenvormigheid.

(2) Wanneer 'n persoon ingevolge subartikel (1) oorgeplaas word –

(a) word geen verandering van werkgever vir die doel van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962) geag plaas te gevind het nie;

(b) behou hy of sy alle vakansieverlof wat tot sy of haar krediet toegeval het tot op die datum onmiddellik voor die datum van oordrag; en

(c) moet enige ondersoek wat ingestel is of bedoel is om ingestel te word ten opsigte van beweerde onbekwaamheid van, of wangedrag gepleeg, deur sodanige persoon voor die datum van oordrag, deur die Owerheid afgehandel word of ingestel word, en die Owerheid moet toepaslike stappe teen die betrokke persoon neem in ooreenstemming met die wette, beleid en diensvoorwaardes van toepassing op hom of haar onmiddellik voor die datum van oordrag

Aanstelling van personeel

41.(1) Die Hoof Uitvoerende Beampte moet, behoudens die bepalings van artikels 40 en 41(3)(a) –

(a) die personeeldiensstaat wat nodig is om die Owerheid in staat te stel om sy funksies te verrig, sy bevoegdhede uit te oefen en sy pligte uit te voer, aan die Raad vir sy goedkeuring voorlê; en

(b) spesifieke diensbepalings en -voorwaardes vir individuele personeellede van die Owerheid bepaal.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte mag slegs persone in befondsde poste op die personeeldiensstaat aanstel en in ooreenstemming met toepaslike wetgewende en beleidsbepalings.

(3) Personeellede van die Owerheid –

(a) word in diens geneem onderworpe aan die –

(i) algemene diensbepalings en -voorwaardes soos deur die Raad bepaal;

(ii) spesifieke diensbepalings en -voorwaardes vir individuele personeellede soos deur die Hoof Uitvoerende Beampte bepaal;

(iii) toepaslike beleide deur die Raad bepaal;

(iv) gedragskode waarvoor in artikel 39(2)(d) voorsiening gemaak word; en

(v) finansiële perke wat deur die Raad gestel is;

(b) moet 'n beëdigde verklaring indien, as deel van hul aansoek, wat alle dissiplinêre navrae en verrigtinge wat teen hulle ingestel is, hetsy voltooi of nie, tydens alle vorige diens, spesifiseer;

(c) moet 'n beëdigde verklaring van hul direkte en indirekte belange by die Hoof Uitvoerende Beampte indien, wat 'n bygewerkte register van sodanige belange moet hou: Met dien verstande dat die bepalinge van artikel 18(3) van toepassing is, met die nodige veranderinge, op die verklaring van direkte en indirekte belange;

(d) moet hul pligte onder die toesig van die Hoof Uitvoerende Beampte uitvoer; en

(e) kan, met die skriftelike toestemming van sodanige personeellid en deur skriftelike ooreenkoms tussen die Hoof Uitvoerende Beampte en sodanige staatsorgaan en ooreenkomstig die toepaslike wetgewende en beleidsvoorskrifte, na 'n ander staatsorgaan gesekondeer of oorgeplaas word.

(4)(a) 'n Persoon in diens van 'n ander staatsorgaan kan, met die skriftelike toestemming van sodanige persoon en deur skriftelike ooreenkoms tussen die Hoof Uitvoerende Beampte en sodanige staatsorgaan en ooreenkomstig die toepaslike wetgewende en beleidsvoorskrifte, gesekondeer of na die Owerheid oorgeplaas word.

(b) Persone wat na die Owerheid gesekondeer of oorgeplaas is, voer hul pligte uit onder die toesig van die Hoof Uitvoerende Beampte.

HOOFSTUK 7 ALGEMENE BEPALINGS

Delegasies

42.(1) Die LUR kan die volgende aan die Departementshoof delegeer –

(a) enige bevoegdheid of funksies wat deur hierdie Wet aan die LUR verleen word, behalwe die bevoegdheid of funksies om –

(i) die Bylae beoog in artikel 51(3) te publiseer;

(ii) regulasies te maak en kennisgewings ingevolge artikel 49 te publiseer; en

(iii) 'n Bylae te wysig, te vervang of te herroep; en

(b) enige plig wat deur hierdie Wet op die LUR gelê word, behalwe 'n plig met betrekking tot die aanstelling en verwydering van lede soos beoog in artikel 14(a) en (c) en artikel 20 onderskeidelik.

(2) Alle delegasies ingevolge hierdie Wet –

(a) moet skriftelik wees;

- (b) is onderworpe aan sodanige beperkings, voorwaardes en voorskrifte as wat die delegerende persoon mag oplê;
- (c) ontnem nie 'n delegerende persoon van die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid rakende die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid, die verrigting van die gedelegeerde funksie of die uitvoering van die gedelegeerde plig nie;
- (d) verhoed nie die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid, die verrigting van die gedelegeerde funksie of die uitvoering van die gedelegeerde plig deur die delegerende persoon nie; en
- (e) moet aangeteken word in die register beoog in artikel 43.

(3) Die Raad of die Hoof Uitvoerende Beampte, na gelang van die geval, kan enige besluit wat geneem is as gevolg van 'n delegasie ingevolge hierdie Wet bevestig, verander of herroep, behoudens enige regte wat 'n persoon of 'n entiteit toegeval het as gevolg van sodanige besluit

Register van delegasies

43.(1) Die Hoof Uitvoerende Beampte moet 'n bygewerkte register van alle delegasies saamstel en in stand hou wat ooreenkomstig hierdie Wet gemaak is.

(2) Die register van delegasies moet –

- (a) georganiseer word deur verwysing na die betrokke funksionele domein; en
- (b) ooreenstem met die Register van Delegasies-vorm in Bylae 2.

(3) Die register van delegasies moet bygewerk word na elke –

- (a) nuwe delegasie;
- (b) hersiening of wysiging van 'n bestaande delegasie; en
- (c) onttrekking van 'n delegasie.

(4) Die register beoog in subartikel (1) is 'n openbare dokument waartoe lede van die publiek, behoudens die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, toegang kan versoek gedurende kantoorure.

Deursigtigheid en toegang tot inligting

44. Die Owerheid moet voldoen aan die grondwetlike en nasionale wetgewende raamwerk wat deursigtigheid en toegang tot inligting bevorder, insluitend die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting.

Regverdig administratiewe optrede

45. Enige besluit wat ingevolge hierdie Wet geneem word, moet voldoen aan die grondwetlike, nasionale wetgewende en gemeenregtelike raamwerk met betrekking tot regverdige administratiewe optrede, insluitend die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet No. 3 van 2000).

Monitering, evaluering, assessering en verslagdoening

46.(1) Die LUR moet binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet –

(a) met inagneming van nasionale norme en standaarde, in oorleg met die Raad, 'n raamwerk ontwikkel –

(i) om voorsiening te maak vir die minimum norme en standaarde ten opsigte van die prosedures vir, en die frekwensie van, monitering, evaluering en assessering van die Owerheid; en

(ii) vir die instelling van die nodige meganismes, prosesse, prosedures en aanwysers om die prestasie en doeltreffendheid van die Owerheid te monitor, te evalueer, te assesser, te bepaal en daarvoor verslag te doen; en

(b) die raamwerk beoog in paragraaf (a) deur kennisgewing in die *Koerant* publiseer.

(2) Die Owerheid moet voldoen aan die raamwerk beoog in subartikel (1).

(3) Die Raad moet verseker dat die prestasie-evaluasies van die Raad, sy Voorsitter, sy lede, sy komitees, die Hoof Uitvoerende Beampte en personeellede voortgesette verbeterde prestasie en doeltreffendheid tot gevolg het.

Gebruik van naam van Owerheid

47.(1) Geen persoon of entiteit mag, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Owerheid, op enige wyse die naam, akroniem, logo's, ontwerpe of materiaal wat deur die Owerheid gebruik of besit word, aanbied of daarvan gebruik maak nie.

(2) Geen persoon of entiteit mag valslik beweer dat hulle namens die Owerheid optree nie.

(3) Enige persoon of entiteit wat subartikels (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Misdrywe, strawwe en siviele aanspreeklikheid

48.(1) 'n Lid, 'n lid van 'n komitee, 'n personeellid, 'n persoon of entiteit wat ingevolge artikel 28 aangestel is of enige ander persoon in diens van of wat namens die Owerheid optree, is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy direk of indirek enige omkoopgeld aanvaar of enige

ongemagtigde gelde of beloning van enige persoon ontvang in verband met enigiets wat deur die Owerheid gedoen of aangebied word.

(2) Enige persoon wat –

(a) ten opsigte van of in verband met enigiets gedoen of aangebied deur die Owerheid, 'n lid, 'n lid van 'n komitee, 'n personeellid, 'n persoon of entiteit aangestel ingevolge artikel 28, of enige ander persoon in diens van of wat namens die Owerheid optree, omkoop of probeer omkoop of op 'n korrupte wyse beïnvloed of probeer om op 'n korrupte wyse te beïnvloed;

(b) valslik beweer dat hy of sy gemagtig is om gelde, skenkings of bydraes namens of onder leiding van die Owerheid te hef of in te vorder; of

(c) enige bepaling van hierdie Wet wat 'n misdryf uitmaak, oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

(3) Waar enige misdryf gepleeg ingevolge hierdie Wet ook 'n misdryf ingevolge enige ander wetgewing uitmaak, kan 'n persoon wat sodanige misdryf pleeg ingevolge óf hierdie Wet óf die ander wetgewing vervolg word

(4) Enige hof wat 'n persoon skuldig bevind ten opsigte van 'n misdryf wat ingevolge subartikel

(1) of (2) gepleeg is, kan –

(a) 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar;

(b) 'n boete en gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar; of

(c) enige vonnis waarvoor ander wetgewing voorsiening maak indien die betrokke persoon ingevolge sodanige ander wetgewing soos beoog in subartikel (3) vervolg is, aan sodanige persoon oplê

(5) Indien spesifieke wetgewing of die gemenerereg siviele aanspreeklikheid aan die Owerheid, die Raad, 'n lid, 'n lid van 'n komitee, 'n personeellid, 'n persoon of entiteit wat ingevolge artikel 28 aangestel is, of enige ander persoon in diens of wat namens die Owerheid optree, oplê, is die bepalings van sodanige wetgewing of die gemenerereg, na gelang van die geval, van toepassing.

Bylaes, regulasies en kennisgewings

49. Die LUR kan, na oorleg met die Raad en deur kennisgewing in die *Koerant* –

(a) 'n Bylae by hierdie Wet publiseer soos beoog in artikel 51(3);

(b) regulasies maak aangaande enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet;

- (c) kennisgewings uitreik soos vereis deur hierdie Wet; en
- (d) Bylae 2, die Bylae beoog in artikel 51(3), en enige kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie Wet wysig, vervang of herroep.

Besparings

50.(1) Enigiets gedoen voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet kragtens of ingevolge 'n bepaling wat deur hierdie Wet herroep of gewysig is, moet, tensy dit duidelik onvanpas is, geag word gedoen te wees kragtens of ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet.

(2) Enige aansoek, versoek, prosedure of soortgelyke aangeleentheid hangende voor die voormalige KwaZulu-Natal Dobbels en Wedderyraad of die KwaZulu-Natal Drankowerheid op die datum beoog in artikel 51(2) moet deur die Owerheid hanteer word ingevolge die KwaZulu-Natal Wet op Dobbels en Weddery of die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiering, na gelang van die geval, soos hulle was ten tyde van sodanige aansoek, versoek, prosedure of soortgelyke aangeleentheid.

(3) Die Owerheid vervang –

(a) die KwaZulu-Natal Dobbels en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid as litigerende party in alle litigasie, arbeidsgeskille en bemiddeling, asof die Owerheid die litigant was op die tydstip toe die skuldoorsaak of die dispuut, na gelang van die geval, ontstaan het; en

(b) die KwaZulu-Natal Dobbels en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid as kontrakterende party in alle kontrakte, ooreenkomste, memorandum van verstandhouding en soortgelyke dokumentasie, asof die Owerheid die kontrakterende party was ten tyde van die kontrak.

(4) Enige registrasie, lisensie, permit, magtiging, goedkeuring, beslissing of bevel, wat geldig was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, bly geldig en van krag op grond van die dieselfde bepalings en voorwaardes waaronder dit uitgereik is: Met dien verstande dat die bepalings en voorwaardes van toepassing op die registrasie, lisensie, permit, magtiging, goedkeuring, beslissing of opdrag nie strydig is met die bepalings van hierdie Wet nie.

(5) Die herroeping van enige wet in Bylae 1 raak nie enige reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid verkry of opgedoen of aangegaan ingevolge die wet wat aldus herroep is nie, tensy daar vir die teendeel ingevolge hierdie Wet voorsiening gemaak word.

(6) Enige verwysing na die KwaZulu-Natal Dobbelaar en Wedderyraad of die KwaZulu-Natal Drankowerheid in enige wet, tensy dit duidelik onvanpas is, moet as 'n verwysing na die Owerheid beskou word.

Oorgangsmaatreëls

51.(1)(a) Met ingang van die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet moet die LUR binne 'n tydperk van hoogstens tien werksdae –

(i) ten minste sewe en nie meer as 11 lede uit die rade van die voormalige KwaZulu-Natal Dobbelaar en Wedderyraad en die KwaZulu-Natal Drankowerheid kies om as lede van 'n tussentydse Raad op te tree, tot tyd en wyl die Raad aangestel ooreenkomstig artikel 14 aangestel word; en

(ii) 'n tussentydse Voorsitter en tussentydse Ondervoorsitter aanstel uit die lede wat gekies is om in die tussentydse Raad beoog in subparagraaf (i) te dien.

(b) Die tussentydse Raad beoog in subartikel (1)(a)(i) moet binne 'n tydperk van vyf werksdae na sy aanstelling, in oorleg met die LUR, 'n tussentydse Hoof Uitvoerende Beampte aanstel wie se ampstermyn eindig op die datum van aanstelling van die Hoof Uitvoerende Beampte ooreenkomstig artikel 37.

(2) Met die uitsondering van subartikel (1), word die werking van hierdie Wet opgeskort tot die datum waarop die tussentydse Raad aangestel word soos beoog in subartikel 1(a)(i).

(3) Die LUR kan, behoudens die bepalings van hierdie artikel en artikels 6, 40 en 50, deur kennisgewing in die *Koerant* sodanige oorgangsreëlings as 'n Bylae by hierdie Wet publiseer soos wat nodig geag word.

Herroeping en wysiging van wette

52. Die wette gespesifiseer in die eerste en tweede kolom van Bylae 1 hierby word herroep of gewysig in die mate wat in die derde kolom aangedui word.

Kort titel en inwerkingtreding

53. Hierdie Wet heet die KwaZulu-Natal Wet op die Ekonomiese Reguleringsowerheid, 2024, en tree in werking op die datum van publikasie in die *Koerant*.

BYLAE 1: HERROEPING EN WYSIGING VAN WETTE

(Artikel 52)

No. en jaar van Wet	Kort Titel	Omvang van herroeping of wysiging
Wet No. 6 van 2010	KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiering, 2010	1. Die herroeping van artikels 5, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 21, 22 23(1), 23(4), 24, 25, 26, 27, 28 en 29.
		<p>2. Die wysiging van artikel 1 soos volg:</p> <p>(a) deur die woordomskeywing van "Hoof Uitvoerende Beampte" deur die volgende woordomskeywing te vervang: <u>"Hoof Uitvoerende Beampte' die Hoof Uitvoerende Beampte van die Owerheid aangestel ingevolge artikel 37 van die KwaZulu-Natal Wet op Ekonomiese Reguleringsowerheid, 2024;"</u>;</p> <p>(b) deur die woordomskeywing van "Drankowerheid" deur die volgende woordomskeywing te vervang: <u>"Owerheid' die KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid ingestel ingevolge artikel 8 van die Wet op die KwaZulu-Natal Ekonomiese Reguleringsowerheid, 2024;"</u>; en</p> <p>(c) deur die woordomskeywing van "verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad" deur die volgende woordomskeywing te vervang: <u>"verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad' die Lid of Lede van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir dobbelary, perdewedrenne en weddery, en drank in die Provinsie;"</u>.</p>
		3. Die wysiging deur die woord "Drankowerheid", waar dit ook al voorkom, deur die woord " <u>Owerheid</u> " te vervang.

<p>Wet No. 8 van 2010</p>	<p>KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery, 2010</p>	<p>Die herroeping van artikels 5, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 22 , 23, 24, 25, 26, 27, 29 en 138.</p>
		<p>2. Die wysiging van artikel 1 soos volg:</p> <p>(a) deur die woordskrywing van “Raad” deur die volgende woordskrywing te vervang: <u>“Raad’ die Raad van die Owerheid ingestel ingevolge artikel 11 van die KwaZulu-Natal Wet op die Ekonomiese Reguleringsowerheid, 2024;”</u>;</p> <p>(b) deur die woordskrywing van "voorsitter" deur die volgende woordskrywing te vervang: <u>“Voorsitter’ die Voorsitter van die Raad, en sluit 'n persoon in wat as Voorsitter waarneem;”</u>;</p> <p>(c) deur die woordskrywing van "Hoof Uitvoerende Beampte" deur die volgende woordskrywing te vervang: <u>“Hoof Uitvoerende Beampte’ die Hoof Uitvoerende Beampte van die Owerheid aangestel ingevolge artikel 37 van die KwaZulu-Natal Wet op die Ekonomiese Reguleringsowerheid, 2024;”</u>;</p> <p>(d) deur die woordskrywing van “komitee” deur die volgende woordskrywing te vervang: <u>“komitee’ 'n komitee van die Raad ingestel ingevolge artikel 26 van die KwaZulu-Natal Wet op die Ekonomiese Reguleringsowerheid, 2024;”</u>; en</p> <p>(e) deur die woordskrywing van "verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad" deur die volgende woordskrywing te vervang:</p>

		<p><u>"verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad"</u> die Lid of Lede van die <u>Uitvoerende Raad</u> wat <u>verantwoordelik is vir dobbelary, perdewedrenne en weddery, en drank in die Provinsie;</u>".</p>
		<p>3. Die wysiging van artikel 140 deur die volgende artikel deur artikel 140 te vervang:</p> <p>“Appèlle</p> <p><u>140.(1)</u> <u>Enige persoon wat gegrief is deur 'n besluit van die Owerheid wat ooreenkomstig hierdie Wet geneem is, kan op die voorgeskrewe wyse na die Raad appelleer.</u></p> <p><u>(2)</u> <u>Enige persoon, behalwe 'n aansoeker om die toestaan van 'n lisensie of registrasie beoog in hierdie Wet of 'n aansoeker om die hernuwing van sodanige lisensie of registrasie, wat gegrief is deur 'n besluit van –</u></p> <p><u>(a)</u> <u>'n komitee, kan op die voorgeskrewe wyse na die Raad appelleer; of</u></p> <p><u>(b)</u> <u>die Raad, kan op die voorgeskrewe wyse na die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad appelleer.</u></p> <p><u>(3)</u> <u>Die bepalings van subartikels (1) en (2) beperk nie die reg van enige persoon wat deur 'n besluit van die Owerheid, die Raad of 'n komitee van die Raad gegrief is om by die Hooggeregshof aansoek te doen vir 'n hersiening van sodanige besluit.</u></p> <p><u>(4)</u> <u>Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan 'n ad hoc-komitee aanstel om 'n appèl aan te hoor wat deur subartikel (2)(b) beoog word”.</u></p>

BYLAE 2: VORMS

(Artikel 18(3), 37(6), 41(3)(c), 18(4)(a) en 43)

VORM 1:

JAARLIKSE EN AD HOC VERKLARING VAN DIREKTE OF INDIREKTE BELANGE VAN LEDE VAN DIE RAAD EN SY KOMITEES

(Artikel 18(3))

JAARLIKSE EN AD HOC VERKLARING VAN DIREKTE OF INDIREKTE BELANGE VAN LEDE VAN DIE RAAD EN SY KOMITEES

ingevolge artikel 18(3) van die KwaZulu-Natal Wet op die Ekonomiese Reguleringsowerheid, 2024

TIPE VERKLARING	
JAARLIKSE VERKLARING	AD HOC VERKLARING
<i>Merk indien toepaslik</i>	<i>Merk indien toepaslik</i>

VERKLARING HET BETREKKING OP FINANSIËLE JAAR: *Voeg finansiële jaar in*

DATUM VAN VERKLARING: *Voeg datum van verklaring in*

Ek, die ondergetekende met die volgende besonderhede:

VAN: *Voeg van in*

VOLLE NAME: *Voeg volle name in*

ID-NOMMER: *Voeg ID-nommer in*

WOONADRES: *Voeg woonadres in*

TELEFOONNOMMER: *Voeg telefoonnommer in*

SELNOMMER: *Voeg selnommer in*

E-POSADRES: *Voeg e-posadres in*

BENAMING / POSISIE: *Voeg óf lid van die Raad óf lid van 'n komitee in (indien nie 'n lid van die Raad nie)*

verklaar en sertifiseer hiermee dat die volgende inligting, met betrekking tot myself en enige familielid, sakevennoot, medewerker of werkgewer, behalwe die Staat, volledig en korrek is na die beste van my wete:

(a) Eienaarskap van aandele in maatskappye of entiteite:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN MAATSKAPPY OF ENTITEIT	MAATSKAPPY-REGISTRASIE-NOMMER	AARD	AANTAL AANDELE	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van aandeelhouer in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie</i>	<i>Voeg naam van maatskappy of entiteit waarin aandele gehou word in</i>	<i>Voeg maatskappy-registrasienommer in (indien privaat maatskappy)</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van</i>	<i>Voeg aantal aandele gehou in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van aandele in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van aandele in</i>

					<i>besigheid in</i>			
2								

(b) Belange in beslote korporasies:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN BESLOTE KORPORASIE	BK REGISTRASIE-NOMMER	AARD	BELANG	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van belanghouer in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in</i>	<i>Voeg naam van maatskappy of entiteit waarin aandele gehou word in</i>	<i>Voeg naam van maatskappy of entiteit waarin aandele gehou word in</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van besigheid in</i>	<i>Voeg persentasie belang gehou in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van belang in Suid-Afrikaanse Rand in</i>	<i>Voeg besonderhede in van alle vergoeding, inkomste, dividende betaalbaar</i>
2								

(c) Belange in vennootskappe:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN VENNOOTSKAP	BELANG	AARD	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van belanghouer in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie</i>	<i>Voeg naam van vennootskap waarin belang gehou word in</i>	<i>Voeg persentasie belang gehou in</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van besigheid in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van belang in Suid-Afrikaanse Rand in</i>	<i>Voeg besonderhede van alle vergoeding / inkomste betaalbaar in</i>
2							

(d) Werklike of persoonlike regte in eiendom wat deur enige maatskappy, korporasie, trust, besigheid of ander regsentiteit gebruik word:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN ENTITEIT	REGISTRASIE-NOMMER	AARD	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van houer van regte in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie</i>	<i>Voeg naam van entiteit in wat eiendom gebruik</i>	<i>Voeg registrasie-nommer van entiteit wat eiendom gebruik in</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van reg en eiendom in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van reg in eiendom wat deur entiteit gebruik word in</i>	<i>Voeg besonderhede in van alle vergoeding, inkomste, dividende betaalbaar</i>
2							

(e) Belange in trusts:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN TRUST	REGISTRASIE-NOMMER	AARD	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van belanghouer in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie</i>	<i>Voeg naam van trust in</i>	<i>Voeg registrasie-nommer van trust in</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van betrokkenheid by trust in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van belang in trust in</i>	<i>Voeg besonderhede van alle vergoeding / inkomste / rente betaalbaar in</i>
2							

